JESUS CHRISTUS SE LYDING ONDER DIE VERGROOTGLAS.

Uitkomste

1. Om te verstaan dat Jesus se lyding begin het lank voordat Hy aan die kruis gesterf het.
2. Om Sy reaksie op die verskillende gebeure wat lyding veroorsaak het, waar te neem.
3. Om te besef dat ons daaglikse optrede steeds tot Jesus se lyding kan bydra.
4. Om Jesus se reaksie te vergelyk met ons reaksie op lyding.

Raamwerk ⏳ (60 min)

Aktiwiteit 1: Soek die Ooreenkomste. Tieners ontdek die ooreenkomste tussen verskillende gedeeltes in die Bybel waar Jesus sy lyding aankondig.

Aktiwiteit 2: Neem Jesus ernstig op! Reflektering oor ons eie reaksie vandag op Jesus se boodskap ten opsigte van Sy lyding.

Aktiwiteit 3: Ons en ons eie lyding. Ontdekking van ons eie houding teenoor lyding in die lewe.

Aktiwiteit 4: Jy, Jesus en jou eie gedagtes. Meditasie oor wat elkeen geleer en ervaar het.

Hulpmiddels

1. Bybels.
2. REM se song, *Everybody Hurts,* sou by Aktiwiteit 3 as inleiding gespeel kon word.

Vir die groepfasiliteerder

Groot groep/Kleingroep

Soek die ooreenkomste ⏳ (20 min)

Julle ontdek die ooreenkomste tussen die verskillende gedeeltes

1. Lees die volgende saam met die groep: Markus 8:31-33; 9:30-32 en 10:32-34.
2. Kan julle die ooreenkomste tussen die drie gedeeltes raaksien? (Gee geleentheid vir terugvoer uit die groep)
3. Dit gaan hier oor die aankondigings oor Jesus se lyding en dood.
4. Gesels oor die volgende:

4.1 Hoe dink julle moes Jesus voel teen die tyd dat Hy sy dood aangekondig het, onthou, Hy het presies geweet wat vir Hom wag!
4.2 Wat was die dissipels se reaksie toe Hy hulle vertel het?
4.3 Hoe het hulle reaksie Sy lyding vererger?

5. Gee geleentheid vir die groep om rustig hieroor te gesels. Daar is nie regtig **regte** of **verkeerde** antwoorde nie. Dis net belangrik dat almal besef dat Jesus die grootste krisis waaraan mens kan dink face, maar dat Hy dit kan face omdat Hy *DIE KURKPROP,* SY Vader, ken en weet dat sy Pa saam met hom deur die krisis sal gaan.

Neem Jesus ernstig op! ⏳ (15 min)

Reflektering oor ons eie reaksie vandag op Jesus se boodskap ten opsigte van Sy lyding.

1. Jesus se kruisdood is lankal verby, maar op baie maniere reageer ons net soos die dissipels:
   1.1 Jesus vertel hulle dat Hy gaan sterf en hulle reageer so asof dit hulle nie raak nie.
   1.2 Jesus vertel hulle dat hulle ook sal suffer, maar Hy is by hulle, maar hulle freak uit daaroor as dit gebeur.
   1.3 Jesus het uit die dood opgestaan en Hy (deur die Heilige Gees) vertel ons daagliks dat Hy ons liefhet en waarsku ons oor sonde.
2. Bespreek 'n bietjie onder mekaar: *Wat doen ons vandag nog wat tot Sy "lyding" bydra?* Gee geleentheid vir terugvoer en vat saam deur te verduidelik dat alles daarop neerkom dat ons bydra tot Jesus se lyding as ons Hom nie ernstig opneem nie, in whadever ons doen.

Ons en ons eie lyding⏳ (10 min)

Ontdekking van ons eie houding teenoor lyding in die lewe.

1. Verduidelik aan die groep dat lyding een van die min sekerhede in die lewe is. *Everybody hurts sometime..,* sing REM. Laat die groep oor die volgende vrae dink en gedagtes uitruil:
   1.1 Hoe reageer óns oor die algemeen op lyding?
   1.2 Kan 'n mens die moeilike dinge wat ons deurmaak, naastenby met Jesus se lyding vergelyk?
   1.3 Lees Hebr 12:1-3. Hoe gaan Jesus se voorbeeld jou help om in die toekoms anders op lyding te reageer?
2. Feit is, ons is ook geneig om uit te freak oor lyding, al is dit nie naastenby wat Jesus moes deurmaak nie. Leë proppe sink in sulke tye, maar kurkproppe is

deur hulle verhouding met Jesus, *DIE KURKPROP* wat hierdie pad al geloop het, verseker dat hulle bo sal uitkom.

Jy, Jesus en jou eie gedagtes ⏳ (15 min)

Meditasie oor wat elkeen geleer en ervaar het.

1. Laat elkeen eers rustig stil raak voor die Here. Gee met tussenposes vir die groep die volgende om te oordink:
   1.1 Dink 'n bietjie wat dit Jesus gekos het om aan die kruis te sterf.
   1.2 Wat beteken dit vir jou dat Hy dit vir jou gedoen het?
   1.3 Erken teenoor Hom alles waaraan jy kan dink wat jy teenoor Hom verkeerd doen.
   1.4 Dink aan maniere waarop jy Hom nie ernstig opneem nie en erken dit teenoor Hom.
2. Deel nou wat julle ervaar het met mekaar en sluit twee-twee af met gebed.